DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe. Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

Job in verhaaltrant (40p) deur Gert Kruger

Huis Eikelaan SB 10, prys R 50.

U kan die boekie by bogenoemde adres koop. Die doel van hierdie boekie is om die boek Job meer toeganklik te maak vir die leser. Dit berus nie op eksegese van die verse nie, maar op 'n geheeloorsig van Job, ten einde die lyn van die verhaal tussendeur die gesprekke te volg.

Bestelvorms is by die deure beskikbaar.

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 25 Februarie 2022



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 4 Sondag 6 Februarie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 17 **Kobus Mentz** en wyk 18 **Piet Aartsma**. Diaken: Wyk 17 en Wyk 18 **Pieter Bouwsema.**

EREDIENSTE Beide dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: Eredienste ook per whatsapp .

OGGEND Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan ***Hannes,*** seuntjie van **Andries en Monique** de Klerk. Ons verwelkom graag familie en vriende van Andries en Monique in ons midde! Dit is ons gebed dat u saam met ons in die ontmoeting met die Here deur sy Gees en Woord en die sakrament van die doop versterk sal word.
Woordbediening: Psalm 139
Fokusvers: Psalm 139:5, 16.
TEMA: ***Die HERE wat jou deur en deur ken, verbind Homself aan jou en lei jou op 'n ewige weg.***
Sang voor die erediens: Psalm 100: 1; Psalm 75: 1, 4
Sang tydens die erediens: Psalm 145: 1, 2, 3, 10; Psalm 25: 2; Psalm 31: 12, 19; Psalm 128: 4; Psalm 139: 1, 2, 9.

AAND Woordbediening: Sagaria 3.
Fokusverse: Sagaria 3: 3 - 4.
Belydenis: Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 23.
Sang voor die erediens: Psalm 118: 9, 10.
Sang tydens die erediens: Psalm 71: 1, 12; Psalm 85: 2, 4; Psalm 32:1, 6.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir die ***Emeritaatsfonds*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi).*

Die Geselligheidskomitee saam met die Susters en Diakonie wil graag weer met die Sondagoggendteeskink begin. Vanoggend is die eerste teeskink van die jaar. Die Susters van wyke 3 en 4 sal die tee en koffie versorg. **Frieda van der Walt en Nelly van der Spoel** versorg die tee. Ons hoop dat dit weer ’n gereëlde instelling kan word. Lidmate van hierdie 2 wyke word gevra om te kom help.

DV Sondag 20 Februarie 2022 *is ons Nagmaalviering en gesamentlike nagmaalete.*

LIEF EN LEED

In Psalm 31:18 sing ons*: “In moedeloosheid neergeboë, het ek, deur vrees gejaag, weleer te gou geklaag: "Ek het verdwyn, wég van u oë." Ook dan is voor u ore my roepstem nie verlore.”* Ons dank ons hemelse Vader dat Hy die roepstem van sy kinders hoor en aan hulle uitkoms, genesing en vertroosting skenk. Dit is ons gebed dat ons broers en susters wat deur siekte beproef word, van moedeloosheid bewaar sal word, en dat u harte mag sterk wees terwyl u op die HERE wag (Ps. 31: 25).

Magda Viljoen het Donderdagmiddag ’n opvolgafspraak met die onkoloog gehad.

Mandie de Klerk moes die afgelope week weer dialise ondergaan. Daar was ongelukkig fout met die are. Toe die afkondigings voorberei is, was Mandie by ’n kardio-vaskulêre chirurg sodat die are sodanig herstel kon word dat die dialise kon voortgaan.

Willem de Klerk het die afgelope week in Klerksdorp weer ’n bloedoortapping ondergaan nadat sy hemoglobienvlak weer aansienlik gedaal het. Br. Willem moet Woensdag weer die spesialis sien.

Ons is dankbaar om te kan berig dat **Marie Coetsee** goeie vordering maak met haar herstel ná die beroerte-aanval wat sy November verlede jaar gehad het. Sy sterk steeds by haar dogter in Pretoria aan.

Charlotte Henderson het die afgelope week ’n operasie aan haar skouer ondergaan.

Japie van Jaarsveld is laasweek uit die Chris Hani-Baragwanath hospitaal ontslaan ná die ingrypende operasie wat hy ondergaan het. Hy sterk nou tuis aan.

Ons is dankbaar dat die dokter tevrede is met die herstelproses van **Netta Schutte** nadat sy geval en haar been gebreek het. Sy moet 28 Februarie weer vir ’n opvolgondersoek gaan. Die verwagting is dat sy en Paul eers in Maart sal terugkeer na Suid-Afrika.

Johanna de Bruyn is die afgelope week in Mediclinic opgeneem met hart en nierprobleme.
Ons bede is dat ons hemelse Vader die ondersoeke en behandeling sal seën.

Annemarie Steyn ondergaan Dinsdag 'n ondersoek op Klerksdorp. Ons doen ook vir haar voorbidding en vir die geneesheer wat die ondersoek en diagnose moet doen. Annemarie het ook die afgelope week laserbehandeling aan haar oë ondergaan. Ons bede is dat die uitkoms geseënd sal wees.

Marian Roscher was vir 'n opvolgondersoek by die oogspesialis nadat sy 'n tyd gelede 'n delikate oogoperasie ondergaan het. Ons dank ons hemelse Vader vir die gunstige uitslag van die ondersoek.

Katkisasie

	Sondag 6 Februarie	Sondag 13 Februarie
Lesrooster:	Les 3	Les 4
Psalmvers:	Psalm 100: 1	Psalm 116: 1 (reël 1, 2)
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 17: Graad 3-4 Ouderling wyk 18: Graad 5-6	Ouderling wyk 19: Graad 0 Ouderling wyk 20: Graad 1 -2

Wo	902	15:30	Hoërskoolkatkisasie	Les 15

Bybelstudie

Di	**8/02**	15:00	Huis Eikelaan *(rooi sitkamer)* ✶	
Wo	16/02	18:30	Jeug (in jeugkamer)	Daniël 10
Do	17/02	09:30	Konsistorie	Handelinge 10
		18:30	Konsistorie / Ou Kerkie	2 Timoteus 3:1 - 5

✶ Lidmate wat nie inwoners van Eikelaan is nie, is baie welkom.

Dagboek

So	6/02	Na aanddiens	Kerkraadsvergadering Diakonievergadering	Saal Konsistorie
Di	8/02	09.00	Telkommissie 2	Kerkkantoor
		15:00	Huis Eikelaan Bybelstudie	Rooi Sitkamer SB
Wo	9/02	08:30	Opening van TSP	Teologiese Skool
		15:30	Hoërskoolkatkisasie	Ou Kerkie
Do	10/02	18:30	Hulpkategete, ouers toerusting	Ou Kerkie
So	13/02	09:30	Voorbereidingsdiens	
		19:00	Vergadering: Kerkraad met diakens	Kerksaal

❖ Huisbesoek: afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang is.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmaat word hartlik gelukgewens met sy verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

6 Feb **Jan Chambers,**. Wyk 6

Die jongste uitgawe van **Die Kerkblad** is beskikbaar.
Intekenare kan dit na die diens in die saal kom afhaal.
Ons doen ook weer 'n vriendelike maar dringende beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit te oorweeg om in te teken. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van die intekenare.
Inligting kan by Prof Callie of Piet Aartsma verkry word.



Die spesiale kollektes in Februarie 2022 gaan vir:

Sondag	6 Februarie	**Emeritaatsfonds**
Sondag	13 Februarie	Dankbaarheidsfonds
Sondag	20 Februarie	Uitdra van Evangelie
Sondag	27 Februarie	Expando

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND 25 Februarie 2022

Rapport insake Covid Noodfonds

Die sustentasiedeputate het die opdrag van die Klassis om die Covid noodfonds te bestuur.
Ons het vir die derde rondte aansoeke, wat op 31 Januarie 2022 gesluit het, van drie gemeentes aansoeke ontvang.
Nadat die beskikbare fondse (R 44 470) proporsioneel, volgens die bedrae waarvoor aansoek gedoen is, verdeel is, word daar hulp aan drie Kerkrade verleen.
'n Totale bedrag van R86 770 kon gedurende die ses maande aan kerke oorbetaal word. Dit beloop 76% van die agterstallige nood waarvoor hulp gevra is.
Die noodfonds sluit nou en geen verdere bydrae word ontvang nie. Daar sal ook nie verdere uitbetalings gedoen word nie.
Ons is baie dankbaar vir versorging van die Here deur die bydraes van kerke en diakonieë gedurende die uitdagende tyd.
Mag sy Naam hierdeur geëer word.
Namens sustentasie-deputate:
HS Coetzee

Vra jou peuter / kleuter / kinders vrae soos?

- Waar kom God vandaan?
- Hoe kan God in jou hart wees, maar Hy is groot?
- Hoe kon Jesus sy ma Maria gemaak het?
- Waarom het die Here die see so groot gemaak?
- Moet ons bly wees dat oupa nou by die Here is?
- Is daar iets wat God nie kan doen nie?
- Hoe kan God ons gemaak het as ons uit ons ma se maag uit kom
- As God alles goed gemaak het, waarom is daar siekte?

Stuur asseblief die vrae aan my – en sommer ook selfoonopnames van vrae en gesprekke as julle kan. Ek het die insette van kinders en ouers nodig om my PhD-studies meer gerig te maak in diens van die kerk. Alles sal anoniem gehou word. Maar ek sal ook bly wees as ek in die voorwoord met 'n dankie van die name (en nie die vanne nie) van die kinders wie se vrae en opmerking ek gekry het kan noem.
Whatsapp sommer na
Of epos:
Jonker Venter (VD). Gereformeerde kerk Totiusdal